LANGEBERG
MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY MASIPALA

AANSOEK ~ VERTONING VAN PLAKKATE: 2024 ~ 2025

Slegs **GEBEURTENISSE, FEESTE, KONSERTE** en soortgelyke funksies mag met plakkate geadverteer word.

DIE ADVERTERING VAN 'N BESIGHEID IS ONTOELAATBAAR

In so 'n geval kan u die Stadsbeplanningsdepartement kontak by tel 023 614 8000

Hiermee doen ek ..... (Naam)

namens die ..... (Organisasie)

..... (Posadres)

..... (Tel / Selfoon)

..... (Epos adres)

aansoek vir die aanbring van plakkate op **lamppale en / of elektrisiteitspale** in die dorpe van die Langeberg Munisipaliteit (Ashton, Bonnievale, McGregor, Montagu, Robertson).

(Spesifiseer watter dorpe): .....

vir die periode ..... tot ..... *(Plakkate mag vir 21 dae hang)*

..... (Gebeurtenis wat adverteer word)

1. Ek neem kennis dat 'n deposito van **R1 361.00** (Tarief geldig 1 Julie 2024 tot 30 Junie 2025) betaalbaar is aan: Langeberg Munisipaliteit, ABSA Tjekrekening Nr 105 00 00 00 8, Takkode 334 513, of inbetaling by 'n munisipale kantoor.
   BELANGRIK: Meld die naam van u organisasie as verwysing.
2. Ek neem ook kennis dat die deposito slegs terugbetaal sal word indien alle plakkate **3 dae na afloop** van die verrigtinge verwyder is, met vertoning van die kwitansie en nadat ek 'n skriftelike versoek vir die terugbetaling van die deposito ingedien het.
   BELANGRIK: Die deposito word slegs in 'n organisasie se bankrekening terugbetaal en nie in dié van 'n individu nie.
3. Ek neem kennis van al die voorwaardes hieronder gemeld en onderneem om dit na te kom.

Handtekening van Aansoeker ..... Datum .....

VOLTOOI ASB EN STUUR HIERDIE AANSOEKVORM EN U BETAALBEWYS AAN:

Me Sammy Jansen, Faks Nr (023) 615 1563, Tel 023 615 8000, Epos admin@langeberg.gov.za

DIE VOLGENDE PROSEDURES EN VOORWAARDES MOET NAGEKOM WORD

Die Munisipaliteit aanvaar nie verantwoordelikheid vir die veilige bewaring van plakkate op die pale nie.

1. Geen plakkaat mag vertoon word sonder die toestemming van die Munisipaliteit nie en 'n skriftelike aansoek moet aan die Munisipaliteit gerig word deur die voltooing van hierdie voorgeskrewe aansoekvorm. **'n Voorbeeld van u plakkaat moet die aansoekvorm vergesel.**
2. Die naam van die organisasie, **die datum van die funksie** / verrigtinge en die plek van die byeenkoms moet op die plakkate verskyn
3. Elke persoon wat by die Munisipaliteit aansoek doen vir goedkeuring in terme van hierdie verordening, sal 'n deposito betaal soos van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit vasgestel.
4. Plakkate mag nie groter as 90 cm in hoogte en 60 cm in breedte wees nie.
5. Plakkate moet minstens 2 meter vanaf die grond gehang word, sodat voetgangers veilig onderdeur kan loop.
6. Plakkate mag net teen lamppale / elektrisiteitspale vasgesit word. Slegs een plakkaat per lamppaal per organisasie mag vertoon word tot 'n maksimum van 3 plakkate per lamppaal. Plakkate mag nie teen advertensietekens, rigtingwysers, verkeerstekens of padtekens, elektriese verspreidingskaste, mure of heinings vasgesit word nie.
7. Plakkate mag nie aan lamppale vasgeplak word nie, maar moet op plank gemonteer wees en met sterk toue of "*cable ties*" aan die paal vasgesit word. Geen metaalvasmakers (bv spykers) word toegelaat nie.
8. Geen straatteken, verkeersteken, muur, omheining, enige natuurverskynsel of enige munisipale eiendom mag op enige wyse vernietig, beskadig, geskend of ontsier word deur die aanbring van 'n plakkaat nie. Enige skade wat deur die aanbring of verwydering van 'n plakkaat veroorsaak word, sal vir die rekening van die aansoeker wees.
9. Plakkate mag nie vertoon word binne 30 meter van enige padverkeersteken of verkeerslig nie en dit mag nie opgesit word in 'n gebied waar, na die mening van die Verkeersdepartement, die plakkate 'n onaanvaarbare aandagafleiding vir bestuurders is nie.
10. Geen plakkate mag vertoon word waar dit 'n gevaar sal wees vir enige persoon of eiendom nie, enige bewoording, teken of materiaal bevat wat suggestief, lasterlik of onwelvoeglik is nie of wat redelik beskou, aanstoot vir die publiek of 'n identifiseerbare klas van persone mag veroorsaak nie.
11. Plakkate mag vir 'n periode van 3 weke vertoon word en moet binne 3 dae van die geadverteerde gebeurtenis verwyder word. Haal asb ook toue / cable ties af - moet dit nie aan die pale los nie, want dit lyk onnet. Enige plakkate wat nie binne 3 dae verwyder is nie, sal deur die Munisipaliteit verwyder word.
12. Enige persoon wat enige van die bogenoemde voorwaardes van hierdie verordening oortree of nie nakom nie, sal skuldig wees aan 'n oortreding en mag beboet word.